

SARS verskerp sy fokus op welgestelde individue en oorsese bates

Pretoria, 24 Februarie 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is verbind tot sy strategiese voorneme om 'n belasting- en doeanestelsel te ontwikkel en te administreer gebaseer op vrywillige nakoming. Ons glo dat meeste belastingpligtiges hulle wetlike verpligtinge vrywilliglik wil nakom. In hierdie verband, verskaf SARS helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges om hierdie verpligtinge na te kom en werk hy ywerig om dit maklik en kommervry te maak om sake met die organisasie te doen. Net so belangrik vir SARS, is om dit moeilik en duur te maak vir belastingpligtiges wat nie hul verpligtinge nakom nie.

Vir SARS om voortdurend persoonlike en sorgvuldige diens te lewer aan verskeie kategorieë van belastingpligtiges, stig ons 'n aparte eenheid om te fokus op individuele belastingpligtiges met rykdom en komplekse finansiële reëlings. Die eenheid, wat sal bekendstaan as die Hoë Rykdom Individuele Belastingpligtige segment (HWI), sal aanvanklik saam met die Grootsake en Internasionale Belastingpligtige segment (LB&I) geleë wees.

Hierdie eenheid sal fokus op individuele belastingpligtiges met rykdom en komplekse finansiële reëlings. Ons beplan om 'n gedifferensieerde diens te bied, soos met ander belastingsoorte, aan die individue met aansienlike rykdom, gereeld afkomstig van veelvuldige bronne buiten 'n salaris en met wie komplekse, en gereeld oorsese, finansiële reëlings gegaar gaan. Ons glo dat state van bates en laste gereeld meer se oor hulle finansiële sake as inkomstestate.

SARS is vasberade om 'n kultuur van vrywillige nakoming te bewerkstellig. Gevolglik het ons in besonder aandag gevestig op belastingpligtiges met onderverklaarde oorsese bates, om nakoming te optimaliseer. As 'n vroeë aannemer van die internasionale standaard vir die outomatiese uitruil van finansiële rekeninginligting, het SARS inligting tot sy gebruik ten opsigte van oorsese batesrekeninge van Suid-Afrikaanse belastingpligtiges, waarvan sommige blyk nie verklaar te wees nie. Die inligting was ons bekom het, toon moontlike nie-nakoming deur 'n aantal van hierdie belastingpligtiges.

In 2016/17 is belastingpligtiges 'n geleentheid gegee om hul belastingsake te regulariseer om vir hulle oorsese bates verantwoordings te doen deur die Spesiale Vrywillige Blootleggingsprogram (SVBP). Belastingpligtiges het ook die geleentheid gehad om so te doen deur die voortgesette Vrywillige Blootleggingsprogram (VDP) ingevolge die Wet op Belastingadministrasie, 2011. Sommige belastingpligtiges het wel hiervan gebruik gemaak. Maar, ten spyte van die geleenthede gebied om hul belastingsake in orde te kry, het sommige belastingpligtiges gekies om dit nie te doen nie. Die inligting wat SARS ontvang het, kom uit 87 regsgebiede regoor die wêreld, wat die oorsese finansiële bates van Suid-

Afrikaanse belastingpligtiges uiteensit. Ons beplan om 'n deeglike hersiening van die inligting te doen en dit te oudit, waar nodig.

In die belang van regverdige en effektiewe administrasie van die stelsel, sal SARS aan die betrokke belastingpligtiges skryf om inligting rakende hul oorsese bates te versoek. Die versoek is vir toepaslike materiaal vir risiko-assesseringsdoeleindes wat nie die begin van 'n ouditproses aandui nie, maar toekomstige aksie voorloop.

Belastingpligtiges wat hul belastingsake wil regulariseer kan steeds so doen deur die voortgesette VDP, wat meer gunstige terms bied vir 'n aanslag (ten opsigte van boetebedrag). SARS moedig dus belastingpligtiges met verborge bates aan om van die VDP-proses gebruik te maak. Belastingpligtiges word daaraan herinner dat versuim om dit te doen kan lei tot administratiewe of selfs kriminele aksie teen hulle.

'n Toegewyde e-posadres, HWI@sars.gov.za is opgestel om reaksie van betrokke belastingpligtiges te bestuur en 'n konsekwente benadering aan te neem. Betrokke belastingpligtiges wat van die voortgesette VDP gebruik wil maak, en belastingpligtiges wat nog nie gekontak is nie, word aangeraai om die VDP-eenheid direk te kontak by VDP@sars.gov.za.

EINDE